

28 Augustus 1 Korintiërs 3:9-23, (Teks: 3:23)

Julle behoort aan Christus en Christus aan God

"Maar julle behoort aan Christus en Christus aan God". Hierdie sin in die Bybel druk jou teen die muur vas. Jy moet hierop 'n persoonlike antwoord kan gee voordat jy verder kan lewe. Net die mense wat die Drie-enige God werklik ken en wat in Hom lewe verstaan watter waarborg God aan hom gee dat hy na sy dood by God verder sal lewe, omdat hy aan Christus behoort.

Om aan Christus te behoort is 'n magtige saak, veral as ons kyk na die gevolge daarvan soos wat Paulus dit opnoem: Dit gee aan die kerk mag oor die wêreld; selfs oor die huidige tyd en oor toekomstige dinge. Die Kerk van die Here beheers alle dinge in Jesus Christus.

Die mense wat werklik aan Christus behoort, vertoon gewoonlik die volgende kenmerke: Wanneer hulle beproef word, is hulle meestal moedig, omdat hulle die duiwel se werking uit hulle lewens uitsny. Hulle weet dat hulle name in God se lewensboek staan en dat die Here in sy raadsplan vir hulle voorsiening maak. Daarom verwyt hulle die Here ook nooit wanneer daar dinge met hulle gebeur dat dit nie met hulle goedgaan nie.

Die Here roep ons na Hom toe omdat Hy 'n lewende verhouding met ons het. Ons behoort aan Christus, omdat Hy met sy bloed vir ons sondes versoening by God bewerk het.

Dr. MJ. du Plessis (Kemptonpark)